# VUIL WASGOED
## GRAAD 11 & 12 EAT

Die Afrikaans film *Vuil Wasgoed* was eers 'n kortfilm wat later in 'n vollengtee film omskep is. Speel die *Flits*-resensie oor *Vuil Wasgoed* aan die leerders voor en vra vir hulle die daarop volgende vrae.
Hier is die skakel***: https://www.youtube.com/watch?v=D4T9mRSAoQg***




**Instruksies aan die onderwyser**:

- Speel die resensie een maal terwyl die leerders aandagtig luister.
- Lees nou die vrae.
- Speel die resensie 'n tweede maal terwyl die leerders aktief luister en notas maak.
- Na die tweede voorspeel moet vrae hardop voorgelees en skriftelik beantwoord word.

**Vrae**:

1. Op watter TV-kanaal wys die program, *Flits*? (1)

2. In watter jaar het die kortfilm van *Vuil Wasgoed* verskyn? (1)

3. Wie is die regisseur van die film? Skryf die naam en van. (1)

4. Verduidelik in jou eie woorde wat 'n première van 'n film is. (1)

5. Tot watter genre behoort die film, *Vuil Wasgoed*? (1)

6. Verduidelik watter werk 'n filmresensent doen. (1)

7. Noem TWEE probleme of kritiek wat die resensent met die film, *Vuil Wasgoed*, het. (2)

8. Gee EEN WOORD uit die resensie wat dieselfde beteken as skelms. (1)

9. Watter stigma kleef steeds aan Afrikaanse films? (1)

10. Het die filmresensent 'n goeie of slegte indruk van die film? Verduidelik jou antwoord. (2)

11. Waarom, dink jy, sal mense van die film, *Vuil Wasgoed,* hou? (1)

12. Verduidelik wat jou indrukke van Afrikaanse films is en motiveer jou antwoord. (2)

**[15]**

## *Luistertoets – Vuil wasgoed (bl. 15)*

| | | |
|---|---|---|
| 1. | kykNET | (1) |
| 2. | 2014 | (1) |
| 3. | Bennie Fourie | (1) |
| 4. | Dit is die eerste keer wat die film vertoon word/gewys word. | (1) |
| 5. | Aksie/Komedie/Aksie-komedie | (1) |
| 6. | 'n Fliekresensent beoordeel 'n film. / Hy sê of dit 'n goeie of slegte film is. / Hy skryf resensies oor films. | (1) |
| 7. | Die booswigte is nie geloofwaardig nie. / 'n Mens is nie bang vir hulle nie. (1)<br>Die manier waarop die vroue karakters uitgebeeld word, is nie goed nie. / Vroue is net "window dressing" in die film. (1) | (2) |
| 8. | "booswigte" | (1) |
| 9. | Afrikaanse films is nie goed nie. | (1) |
| 10. | Goeie indruk. (1) Sy sê dis regtig baie snaaks. / Dis regtig baie goed. (1) | (2) |
| 11. | Enige relevante antwoord: Dit is baie snaaks. / Daar is baie aksie. / Dis 'n Suid-Afrikaanse film. | (1) |
| 12. | Leerderrespons. (1 punt vir INDRUK, 1 punt vir MOTIVERING.) | (2) |
| | | **[15]** |